

Die Karoo raak stil

Die veld is stil en die bossies blom nie of vrek. Twee ekoloë van Prins Albert reken die skade aan die Karoo is veel erger en blywend as wat die meeste mense besef. Party gebiede sal nooit herstel nie. Die beste wat veeboere kan doen, is om die veld te probeer red.

BO: Veeboere het jare nodig om aangepaste en produktiewe kuddes op te bou, maar ekoloë van Prins Albert sê die belangrikste prioriteit is om die veld te red. FOTO'S: AMELIA GENIS

KORTOM

- Prins Albert beleef die ergste droogte sedert die laat 1920's. Dag- en nagtemperature het sedert 1988 met 1,5°C styg.
- Droogte en hitte het saam 'n vernietigende uitwerking op plante en wilde diere. Dit sal drastiese stappe verg om die veld te red.
- Aangesien plante afsterf of nie blom nie, word vars saad nie gevorm nie. Dit kan die herlewing van veld ná reën knou.



wekraal-organisasie vir bewaring en navorsing op Prins Albert.

Hul gereelde monitering van plante, diere en voëls bevestig die vernietigende uitwerking van die droogte. “Ons sien ’n ongelooflike klomp sukkulente is besig om dood te gaan.

Die vygies wat mettertyd ontwikkel het om elke winter ’n bietjie reën te verwag, het die hele winter nie reën gekry nie. Vanjaar was so ’n vreemde jaar, ons het net in April en November reën gehad en heelwat vygies kon nie die ses wintermaande sonder reën oorleef nie.”

Hulle sien ook dat ankerkaroo (*Pentzia incana*) afsterf. Hoewel ankerkaroo nie besonder smaaklik is nie, is dit ’n belangrike stabiliseerder van grond en kos vir skape.

“Prins Albert is op die rand van ankerkaroo se verspreiding. Jy kry dit net in die lopies, maar die bosse gaan dood. Ons sien grasse doodgaan, maar nie alles nie. Kriedoring (*Lycium*) en wildegranaat (*Rhigozum*) bly nog aan die lewe, maar sekere soetdoringbome (*Acacia karoo*) gaan dood in die riviere.”

Sue sê afsterwing hang in sommige gevalle af van die lewensduur van plantspesies. “Plante soos *Chrysocoma*, wat ’n kort lewensduur het, is almal dood. Selfs klein plantjies van bietou (*Tripteris sinuata*), wat ’n lewensduur van 60 jaar kan hê, is besig om dood te gaan.”

Hulle is nog besig met monitering om te bepaal of dit ouer of jonger plante is wat doodgaan.

HERGROEI STADIGER

Met *Landbouweekblad* se besoek op 6 November, ’n week nadat daardie deel van die

Karoo reën gekry het, het Sue en Richard gesê hulle vind dat plante traag is om ná die reën uit te loop. Met die monitering wat hulle vir die Suid-Afrikaanse netwerk vir aardwaarming (Saeon) doen by plante wat gesny is om beweiding na te boots, het hulle gesien dat net syselbos (*Plumbago tristis*) uitgeloop het.

“Nie eens die plante wat nie gesny is, loop uit nie. Herstel is stadiger as wat ’n mens sou voorspel. Dit is juis omdat die wortels terug-gesterf het en nie so doeltreffend funksioneer soos hulle behoort nie.”

Hulle het darem gesien dat baie van die vygies, soos doringvygie (*Ruschia spinosa*) en van die *Drosanthemum*-vygies groen skyn en hul blare gevul is.

Hul studente monitor elke week die fenologie (hoe lewensklusgebeure van plante deur veranderinge in klimaat beïnvloed word) van 250 gemerkte plante en teken aan hoeveel nuwe blare gevorm word, hoeveel stamgroeie daar is, en of daar blomknoppe en blomme is. Hulle vind egter dat daar geen aktiwiteit is nie. “Die meeste plante het 80% van hul blare verloor.”

Sy sê as plante uitloop, moet hulle nie bewe word nie. “Baie van die beter boere sê hulle boer met veld en weet as plantjies wat uitloop, beskadig word, hulle dit nie weer in hul leeftyd sal sien nie.”

GEEN SADE SONDER BLOMME NIE

Behalwe plante wat doodgaan, neem hulle waar dat plante wat nog lewe, nie blom nie, en saadbanke dus nie met vars saad aangevul word nie. “Anders as grasspesies, hou die meeste plante van die Karoo nie saadbanke in die grond in stand nie. Bossies, soos kapokbos (*Eriocephalus africanus*) en granaatbos

Reënval- en temperatuurrekords vir Prins Albert toon die ergste droogte sedert die laat 1920's én ’n volgehoue styging in dag- en nagtemperature oor die afgelope 30 jaar.

Droogte en hitte het saam ’n vernietigende uitwerking op plante en diere, en dit kan drastiese stappe verg om die veld te red, sê drr. Sue Milton-Dean en Richard Dean, ekoloë en eienaars van Renu-Karoo, ’n onderneming wat veldrehabilitasie in die Karoo doen en kwekerie bedryf. Hulle bied ook omgewingsopvoeding aan deur die Wol-